GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY

A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS

'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

ALGEMENE RIGLYNE

1. **Bybel**, klere-hangers, 2 x wasgoedsakke (maak net eers seker by die wassery waarop jy besluit of hulle vir julle 'n wasgoedsak gaan gee)

2. Maak **apteekrekening** oop by 'n apteek wat spoedige **afleweringsdienste** bied. Ons beveel Medi-Bloem Apteek ten sterkste aan.

3. **KOSHUIS MEDIESE-VORM:** Voltooi volledig (ongeag of u aan 'n fonds behoort of nie).

4. Neem 6 kleur **ID foto's** van seun Hou 4 tot 5 ID foto's in seun se **persoonlike "flipfile"** vir sport- en skoolaangeleenthede.

5. **Nb! Plak *een id foto* op koshuis mediese-vorm, bladsy 1.**

6. Bestel/Koop boeke en Grey-boekoortreksels via die aanlyn winkel op die Grey-webblad of druk HIER. GEEN geld vir boeke word in Grey Kollege se rekening inbetaal nie.

7. Koop skoolklere ens. Merk alle items en toerusting deeglik

8. Seuns mag nie styfpassende (slimfit) grys skoolbroeke dra nie

9. Die aankoop van 'n trommel is nie verpligtend nie. Indien u wel besluit om een aan te koop mag **dit nie groter wees as die grootte aangedui nie**. Dit mag wel kleiner wees. 660 x 340 x 260. Indien u een aanskaf plak asseblief 'n ou stuk mat onderaan.

10. 1 x stewige koevert met seun se naam en selnommer op. Seuns gaan hulle selfone inhandig en Koshuisvader gaan dit in 'n kluis bêre. U sal meer inligting ontvang.

11. Slotte vir u seun se kas en trommel – Medium grote.

12. "Pin" kontaknommers in u persoonlike/u seun se selfoon: Murray-Huis tel. 083 425 6341/ Personeel / taxi / ER24 Tel. 084124 / tandarts / fisio / familie / wassery, ens.

13. Daar is 'n yskas, ketel en mikrogolf beskikbaar vir die seuns. Hulle mag koffie, tee, suiker, melkpoeier, milo, 2 minute noodles, popcorn ens saam bring. Dit in hulle trommel of kas bêre.

14. Daar is gefiltreerde & UV behandelde water beskikbaar in die koshuis en by die eetsaal.

15. Seuns moet hulle eie toiletpapier bring

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT ALLES WAT AAN U SEUN BEHOORT DEEGLIK GEMERK IS.

NB! Indien u seun se besittings nie gemerk is nie, kan ons hom nie help as iets wegraak nie.

Daar is normaalweg ongeveer 128 seuns in Murray-Huis en in totaal, meer as 'n duisend seuns in Grey Kollege. U seun vorm deel van 'n groot kampus en klere word gereeld verlê tydens sportbyeenkomste, kampe, toere, galas, ens. Verskeie wasserye hanteer die wasgoed van al die koshuise en dit beteken dat honderde kledingstukke per week hanteer word.

1. **Estie Oosthuizen: Tel. 0824921434. Druk o.a. aanstryk- en waterdigte plakkers, asook klein plakkers waarop seun se naam en telefoonnommer verskyn.**

2. **JUST LABELS: Tel. 031 266 1738; sales@justlabels.co.za; www.justlabels.co.za. Druk ENIGE plakker – groot of klein; groot en klein etikette wat op plastiek gedruk word; klereplakkers en harde-item plakkers.**

MERK VAN SKOOLTASSE & SPORTSAKKE

- Hier is 'n voorbeeld wat u kan gebruik om skooltasse en sportsakke merk.
- Dit word gelamineer, kry 'n gaatjie in die hoek (gaatjie-ponser) en word aan die tas/sak gebind met 'n "cable tie"
- U seun kan dit in sy skoolbaadjie se sak dra vir identifikasie, veral wanneer hy gaan toer of selfs "stadsverlof" neem.

NAAM en VAN
ID-Nommer:
Grey Kollege Sekondêre Skool
Murray-Huis
HUISADRES
Sel. (Kind):
Sel. (Ouer):
Mediese Fonds:
Mediese Fonds Lidmaatskapnr.:
Noodgeval ER24 Tel. Nr.: 084124

Baie sterkte met hierdie opwindende hoofstuk in jou familie en seun se lewe!